

NÓG VUILER LUG

Verslapping van wet 'n skok

Elise Tempelhoff

Omgewingsgroepe beoog regstappe teen die departement van omgewingsake, wat die vereistes vir die uitlaat van swaeldioksied (SO_2) “in die geheim” en sonder enige openbare deelname in voorgestelde wetgewing verslap het.

Dit beteken as dié voorgestelde wetgewing goedgekeur word, nywerhede en Eskom se ou steenkoolkragstasies “twee keer soveel SO_2 ” in die lug kan blaas as voorheen.


Robyn Hugo, prokureur van die Sentrum vir Omgewingsregte (CER), het gister gesê sy het Vrydag, namens die Life After Coal/Impilo Ngaphandle Kwamalale-veldtog, in 'n brief aan Nomvula Mokonyane, pasaangestelde minister van omgewingsake, geskryf as dié wysigings nie teen 10 Desember uit die wet op luggehalte verwyder is nie, omgewingsgroepe hooggeregshof toe gaan.

Die wet op luggehalte onder die Nasionale Omgewingsbestuurswet (Nema) het op 1 April

Eskom se oortredings

Eskom het in 21 maande van April 2016 tot Desember 2017 3 181 keer sy lisensievoorwaardes vir uitlaatgasse oortree.

Die uitlaatgasse is stofdeeltjies, swaelsied (SO_2) en stikstofoksied (NO_x).



Bron: Dr. Ranajit Sahu

Grafika24

2015 in werking gekom.

Hugo het gister gesê voorgestelde wysigings aan die wet op luggehalte is op 25 Mei vanjaar vir openbare oorlegpleging uitgereik. Op 31 Oktober is die finale wysigings, waaronder die ver-

slapping van vereistes vir die uitlaat van SO_2 , aangebring.

“Hierdie wysiging het op 'n geheimsinnige wyse ingesluit.”

Hugo skryf in die brief aan Mokonyane omgewingsgroepe doen 'n “dringende” beroep op



haar om hierdie toegewing (wysiging) uit die voorgestelde wetgewing te verwyder. So nie gaan die CER namens groundWork, Earthlife Africa, die Khuthala Environmental Care Group, die Vukani Environmental Movement en die Vaal Environmental Justice Alliance hof toe omdat dié wysiging, wat neerkom op 'n verslapping van die minimum standaarde vir uitlaatgasse, “onwettig” is.

Sy sê die “geheimsinnige” verandering aan die wysigings van die wet op luggehalte kom ook

neer op die skending van mense-regte omdat dit Suid-Afrikaners van 'n gesonde omgewing ontnem.

Volgens Hugo is 'n soortgelyke brief op 8 November aan Derek Hanekom, destydse waarnemende minister van omgewingsake, geskryf, maar het die CER geen reaksie van hom ontvang nie.

Sy skryf voorts aan Mokonyane die manier waarop die verslapping van SO_2 -vereistes in die voorgestelde wetgewing ingesluit het, is 'n oortreding van

die Nema, wat bepaal alle wetgewing moet deursigtig en met volle deelname deur die burgerlike gemeenskap ontwerp word. “Hierdie vereistes is bindend,” skryf Hugo.

Die finale wysigings is veral van toepassing op Eskom se 15 kragstasies en Sasol se steenkoolverbranders. Volgens Hugo is die minimum standaarde wat die departement van omgewingsake aan Eskom en nywerhede stel, reeds “baie swak” as dit met dié van ander ontwikkelende lande vergelyk word. “Dit

wys byvoorbeeld dat nywerhede in Suid-Afrika 17,5 keer meer SO_2 in die lug kan vrylaat as dié in China. As die wysigings oor SO_2 , soos dit tans in die voorgestelde wetswysiging aanvaar word, sal dit beteken Suid-Afrika se minimum standaarde vir die uitlaat van SO_2 is sowat 23 keer swakker as dié van China.”

Hugo het verlede week voor die portefeuljekomitee oor omgewingsake getuig Eskom het boonop in die 21 maande van April 2016 tot Desember 2017 3 181 keer sy lisensievoorwaardes verbreek.

Albi Modise, woordvoerder van die departement van omgewingsake, sê hy is bewus van die CER se “beskuldigings” oor SO_2 en sê hy sal die departement se regsadviseurs vra om “daarna” te kyk en daarop te reageer.

Philemon Mapulane, voorsitter van die portefeuljekomitee oor omgewingsake, het gister gesê die portefeuljekomitee sou die verhoor oor onder meer die “wysigings waarby SO_2 betrokke is”, asook ander lugbesoedeling gister “verder neem”.